*Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens en dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim deur die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in geval van enige onsekerheid.*

## VOORSORGMAATREËLS

Voorkom inaseming van spuitnewel en dampe. In geval van toevallige velkontak was deeglik met seep en water. In die geval van oogkontak, verkry mediese aandag indien nodig. Voorkom wegdrywing na gevoelige of eetbare gewasse, weiding en enige ander gebied wat nie behandel word nie aangesien ernstige gewasskade kan voorkom. Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

Direkte of spuitnewel kontak van **MAMBA 360 SL** met blare en/of onvolwasse bas van gewensde plante kan lei tot gelokaliseerde of getranslokeerde skade.

BELANGRIK: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeい tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word. Vernietig leë houer deur gate daarin te maak en plat te druk. Moet vir geen ander doel gebruik word nie.

## GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui

### ALGEMENE INLIGTING

- Die onkruiddodende effek van **MAMBA 360 SL** is eers vanaf twee weke na toediening sigbaar.
- Dien **MAMBA 360 SL** na opkom van aktiefgroeiende onkruid toe, gerig op die blare en onvolwasse bas. Bespuit moeilik beheerbare meerjarige onkruid in die herfs ten tye van aktiewe transllokasie van plantvoedingstowwe na die wortels, knolle, wortelstokke of uitlopers. Behandel hergroei met 'n kolbespuiting.
- Moet nie spuit as die onkruide nat, dormant, onder stremming, met stof bedek of deur ryp beskadig is nie.
- Reën of besproeiing binne 6 uur na toediening mag die effektiwiteit van **MAMBA 360 SL** verminder.

- In gemengde onkruidstuasies (waar een- en meerjarige onkrude saam voorkom), moet die eenjarige onkruide chemies of meganies beheer word. Wag vir geil hergroei van meerjarige onkruid en bespuit of kolbehandel hergroei.
- Indien in 'n tenkmengsel met ander chemikalieë toegedien word, geld die etiketaanbeveling van alle betrokke produkte.
- Voorplant onkruidbespuitings op sandgrond (< 10 % klei) moet 7 dae voor uitplant van tamatie- en tabaksaailinge plaasvind.

## MENGBAARHEID

**MAMBA 360 SL** kan in 'n tenkmengsel met die volgende chemikalieë gebruik word:

**Onkruiddoders:**

**MCPA 400 SL** (Kaliumsout), Simazine 500 SC en Simazine 800 WP (met die byvoeging van ammoniumsulfaat), Diuron 800 SC en Diuron 800 WP (met ammoniumsulfaat).

**NOTA:** Die byvoeging van ammoniumsulfaat (2 %) in die sputtenk voor Diuron of Simasien bygevoeg word in tenkmengsel met **MAMBA 360 SL** verbeter verenigbaarheid.

## TOEDIENINGSINLIGTING

**MAMBA 360 SL** kan toegedien word in sputtvolumes van 12 tot 600 ℓ/ha.

Maak seker dat sputtoerusting skoon en vry is van roes, stof of sediment van ander plaagdoders.

Gebruik altyd skoon water. Voorkom die gebruik van brak- of modderige water of water met 'n hoë kolloïedinhoud afkomstig van gronde hoog in organiese materiaal. Waar alkaliese- en/of harde water voorkom, behoort 'n buffer volgens aanbevelings op die etiket bygevoeg te word.

Kalibreer alle spuite korrek onder veldtoestande.

In situasies waar sputnewel nadelig kan wees moet 'n lae druk van 100 tot 200 kPa en/of laenewelspuitkoppe gebruik word.

Moet nie in windsnelhede van meer as 10 km/h sput nie.

Verseker 'n fyn, egalige druppelverspreiding en 'n deeglike bedekking van die teikenonkruide.

## LUGTOEDIENING

Dien 'n totale mengsel van 30 tot 50 ℓ/ha toe en vermy sputstofwegdrywing na gewensde plantegroei.

Beheer sputnewel deur byvoeging van 'n newelbeheermiddel en/of gebruik spesiale laenewelsputkoppe.

MOET NIE toedien as die windsnelheid 10 km/u oorskry en/of die relatiewe humiditeit laer as 40 % is nie. 'n VMD van tussen 300 en 400 mikron word aanbeveel.

## BEVORDERINGSMIDDELS

- Vir optimum resultate word 'n minimum van 1,5 % **MAMBA 360 SL** oplossing per totale sputvolume aanbeveel. Indien dit laer is, behoort 0,5 % bevorderingsmiddel (0,5 ℓ/100 ℓ water) by die sputvolume gevoeg te word.

Voorbeeld:

- \* 3,0 ℓ in 200 ℓ water/ha (1,5 % oplossing) = Geen bevorderingsmiddel nodig nie.
- \* 3,0 ℓ in 400 ℓ water/ha (0,75 % oplossing) = Voeg 2,0 ℓ bevorderingsmiddel by die totale sputvolume.
- COBRA 180 SL, 'n hoë bevorderingformulering, mag by sputoplossing gevoeg word as bevorderingsmiddel teen 0,5 tot 0,75 ℓ COBRA 180 SL per 100 ℓ sputvolume.
- COBRA 180 SL mag aanvullend tot **MAMBA 360 SL** gebruik word deur 1,0 ℓ **MAMBA 360 SL** met 2,0 ℓ COBRA 180 SL in die sputvolume te vervang. MOET NIE MEER AS 50 % VAN DIE AANBEVOLE **MAMBA 360 SL** VERVANG NIE, bv. 4,0 ℓ/ha **MAMBA 360 SL** = 3,0 ℓ **MAMBA 360 SL** + 2,0 ℓ COBRA 180 SL/ha.
- Voeg 'n buffer by die bespuitingswater vir pH en harde water regstelling voordat **MAMBA 360 SL** bygevoeg word.

## ONKRUIDBEHEER

Persentasieberekening, bv.

1,5 % oplossing = 1,5 ℓ **MAMBA 360 SL** in 98,5 ℓ water = 100 ℓ sputoplossing.

Bespuitingstydkodes:

VL	-	Vroeë lente
S	-	Somer
H	-	Herfs
W	-	Winter

Tabel 1 : Meerjarige- en wateronkruide

Tabel 2 : Nie-gewas en industriële gebruik

Tabel 3 : Gewasaanbevelings, boomgewasse, voorplant, bosbou, bloekomuitwissing en suikerriet

Tabel 4 : Groeiregulering (Chemiese sny)

Tabel 5 : Weidingsvernuwing

Tabel 6 : Bestrykingstoediening

## TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

**TABEL 1: MEERJARIGE- EN WATERONKRUIDE**

ONKRUID	TYD	DOSIS	OPMERKINGS
Luisboom ( <i>Solanum mauritianum</i> )	S/H	2,0 ℥/ha of 1,5 % oplossing	GROOT BOME: Kap stam terug tot tussen 5 en 20 cm hoogte. Sput indien hergroei op kniehoogte is. SAAILINGE: Sput tot op 1 m hoogte met 0,5 % oplossing.
Port Jackson ( <i>Acacia Saligna</i> )	H/VL		SLEGS VIR SAAILINGE: * Tweeblaarstadium - 2,0 ℥/ha * Tot 60 cm hoog - 4,0 ℥/ha
Oulandsgras ( <i>Eragrostis curvula</i> )	S/H		
Wilde graansorghum ( <i>Sorghum bicolor</i> )	S/H		
Swartwattel ( <i>Acacia mearnsii</i> )	S	3,0 ℥/ha of 1,5 % oplossing	Sput tot en met 1 m hoogte.
Inkbessie ( <i>Phytolacca heptandra</i> )	VL		
Kraaldoring ( <i>Caesalpinea decapetula</i> )	S		
Tongblaar ( <i>Plantago lanceolata</i> )	VL		Bespuit slegs voor blom.
Sesbania ( <i>Sesbania punicea</i> )	VL		SAAILINGE: Tot 1 m hoogte - 1,5 % oplossing Hoër as 1 m - 2,0 % oplossing  STRUIKE EN/OF HOË BOME: Sny af, bespuit hergroei met 1,5 tot 2,0 % oplossing op 1 m hoogte.
Kiesieblaar ( <i>Malva parviflora</i> )	VL		Dien toe voor blom alleenlik in tenkmengsels met aanbevole Simasien dosis.
Steenboksuring ( <i>Rumex spp.</i> )	VL		Bespuit slegs voor blom.

**TABEL 1: MEERJARIGE- EN WATERONKRUIDE (Vervolg)**

ONKRUID	TYD	DOSIS	OPMERKINGS
Johnsongras ( <i>Sorghum halapense</i> )	S/H	4,0 ℓ/ha of 2,0 % oplossing	Opvolgbespuiting op hergroei met 3,0 ℓ/ha of kolbespuit met 1,5 % oplossing.
Kikoejoe ( <i>Pennisetum clandestinum</i> )	S		Dien toe op aktiewe groei in somer. Bespuit hergroei met 3,0 ℓ/ha of kolbespuit met 1,5 % oplossing. Winterreënvalgebied: Dien toe in herfs, maar voor ryp.
Nasella polgras ( <i>Stipa trichotoma</i> )	W		Gebruik hoë volume 400 ℓ/ha mengsel. Kolbespuit hergroei of bespuit vroeg lente met 'n 2 % oplossing.
Brame ( <i>Rubus spp.</i> )	S/H	6,0 ℓ/ha of 3,0 % oplossing	Rugsakspuit - 3 % oplossing of newelblaser - 4 % oplossing.
Buffelsgras ( <i>Panicum maximum</i> )	S		Volg hergroei op met 3,0 ℓ/ha of kolbespuit met 1,5 % oplossing.
Bosbuffelsgras ( <i>Setaria megaphylla</i> )	S/H		Rugsakspuit - 3 % oplossing of newelblaser - 4 % oplossing.
Kweek ( <i>Cynodon dactylon</i> )	S/H		Dien toe in herfs, opgevolg in somer met 4,0 ℓ/ha of kolbespuit met 2 % oplossing of dien toe in somer en volg op in herfs op die hergroei. Winterreënvalgebied: Dien 9,0 ℓ/ha toe in herfs, maar voor die ryp.
Fluitjiesriet ( <i>Phragmites australis</i> )	S/H		Rugsakspuit - 3 % oplossing of newelblaser - 4 % oplossing. Dien toe met 20 tot 30 % blomstadium. Hergroei moet afgekap en daaropvolgende hergroei op 45 cm hoogte bespuit word.
Polpaspalum ( <i>Paspalum dilatatum</i> )	S		Dien toe met blom, maar voor saadval. Volg hergroei op met 3,0 ℓ/ha of kolbespuit met 1,5 % oplossing.

**TABEL 1: MEERJARIGE- EN WATERONKRUIDE (Vervolg)**

ONKRUID	TYD	DOSIS	OPMERKINGS
Akkerwinde ( <i>Convolvulus arvensis</i> )	S	6,0 ℓ/ha of 3,0 % oplossing	Bespuit sodra begin blom. Volg op met 1,5 % oplossing op hergroei.
Gewone Lantana ( <i>Lantana camara</i> )	S/H		Rugsakspuit - 3 % oplossing of newelblaser - 4 % oplossing.
Reuse sensitiewe plant ( <i>Mimosa pigra</i> )	S		Sny af, bespuit hergroei en/of saailinge tot op 1 m hoogte.
Rooiuintjie ( <i>Cyperus rotundus</i> )	S		Dien toe met blom. Bespuit hergroei met 3,0 ℓ/ha of kolbespuit met 1,5 % oplossing (Feb/Mar).
Waterhiasint ( <i>Eichhornia crassipes</i> )	S		Rugsakspuit - 3 % oplossing of newelblaser - 4 % oplossing. Dien toe wanneer nuwe blare maksimaal sigbaar is.
Geeluintjie ( <i>Cyperus esculentus</i> )	S		Dien toe met blom. Bespuit hergroei met 3,0 ℓ/ha of kolbespuit met 1,5 % oplossing (Feb/Mar).
Kweekpaspalum ( <i>Paspalum paspaloides</i> )	S	8,0 ℓ/ha	Dien toe met blom, maar voor saadval. Dien opvolgbespuiting toe op hergroei met 4,0 ℓ/ha of kolbespuit met 2 % oplossing.  Winterreënvalgebied: Dien 9,0 ℓ/ha toe in herfs, voor ryp.
Eupatorium ( <i>Chromolaena odorata</i> )	S/H	Sien opmerkings	Kap gevinstigde plante af en laat hergroei toe tot tussen 50 en 120 cm. Bespuit hergroei met 1,0 ℓ/ha per 100 ℓ spuitvolume (d.i. 1,0 %). Verseker volledige bedekking op blare. Vorige gekapte meerstammige plante mag 'n verdere behandeling vereis.

**TABEL 1: MEERJARIGE- EN WATERONKRUIDE (Vervolg)**

GEBIED	TYD	DOSIS	OPMERKINGS
Silwerwattel ( <i>Acacia dealbata</i> )	S/H	20 ℓ/100 ℓ water of 20 % oplossing	<p>Dien toe gedurende groeiseisoen van boom. Byvoeging van 'n gesikte kleurstof tot die sputmengsel vergemaklik toediening en kontrole.</p> <p><b>AFGEKAPTE STOMP:</b> Dien die produk toe op die vars gekapte stump (binne 30 minute) tot die punt van afloop. Kap stompe af so na moontlik aan die grond - niks meer as 25 cm bo die grondoppervlakte nie.</p> <p><b>KRAAGBEHANDELING:</b> Die kraag moet reg rondom die boom gemaak word. Sny deur die bas tot by die kambium-laag. Maak die kraag so laag moontlik op die stam - niks meer as 25 cm bo die grondoppervlak nie. Dien die produk toe binne 30 minute na die kraag om die stam gemaak is.</p>

**TABEL 2: NIE-GEWAS EN INDUSTRIËLE GEBRUIK**

GEBIED	DOSIS (ℓ/ha)	OPMERKINGS
Alle nie-gewas gebiede	1,0 tot 3,0 2,0 tot 10,0	<p>Slegs eenjarige onkruid. Sal die meeste een- en meerjarige onkruidbeheer. Kolbespuit hergroei met 1,5 % oplossing waar nodig. Sien Tabel 1 vir spesifieke onkruidbeheer. Gebruik <b>MAMBA 360 SL</b> in 'n tenkmengsel met residuele onkruiddoders (Diuron en Simasien) volgens die aanbevole dosisse.</p>

**TABEL 3: GEWASAANBEVELINGS**

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
<b>VOORSORGMAATREEËLS:</b> Voorkom sput- of sproeinewelkontak met blare, groen en jong bas van stamme asook vrugte. Laat 'n periode van 10 dae toe na snoei, of verwydering van laaghangende takke en/of suiers, alvorens onkruide in meerjarige gewasse bespuit word.		
Amandels Aalwyne Appels Appelkose Avokados Piesangs Brame Kersies Sitrus Koffie Sagtevrugte Wingerde Grenadella Koejawel Hops Kiwivrugte Lietjies Makadamia neute Veselperskes Kaalperskes Olywe Papajas Perskes Pere Pekanneute Pynappels Pruime Turksvye Pruimedante Kwepers Sisal Tee	Eenjarige onkruid: 1,0 tot 3,0 ℥/ha  Meerjarige onkruid: Sien spesifieke dosis in Tabel 1	Dosis: Gebruik hoër dosis op volwasse onkruid.  <b>JONG BOOMPIES MET GROEN BAS:</b> (gewoonlik jonger as vier jaar): Beskerm die stamme teen sputkontak.  <b>PIESANGS:</b> Beskerm suiers en groen stamme teen sputkontak.  <b>BRAME:</b> Gebruik slegs bestryktipe toerusting. Vermy kontak met gewas.  <b>PYNAPPELS EN TURKSVYE:</b> Dien alleenlik toe as 'n gerigte tussenrybespuiting.  <b>WINGERD:</b> Dien slegs toe op wingerd ouer as 2 jaar. Dien voor bot toe gerig op die onkruid.  <b>BOSTOK EN LAAGOPGELEIDE WINGERD ONDER 60 cm HOOG:</b> Dien toe in die vroeë lente, voor bot.  <b>SISAL:</b> Dien toe in kwekerye en in volwasse plante.

TABEL 3: GEWASAANBEVELINGS (VERV)

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
APPELS PERE WINGERD	<b>MAMBA 360 SL</b> tenkmengsel met Simasien  <b>MAMBA 360 SL</b> tenkmengsel met <b>MCPA 400 SL</b> (Kaliumsout)  Vroeë winter (Onkruide kleiner as 15 cm): 1,5 ℥ + 3,0 ℥ <b>MCPA 400 SL/ha</b>  Laatwinter (Onkruide kleiner as 30 cm): 2,0 ℥ + 4,0 ℥ <b>MCPA 400 SL/ha</b>	Residuele beheer: Dien die aanbevole tenkmengsel van <b>MAMBA 360 SL</b> en Simasien toe. Voeg 2 kg ammoniumsulfaat by 100 ℥ spuitvolume om mengbaarheid te verbeter, volg met <b>MAMBA 360 SL</b> en daarna Simasien.  Dien toe wanneer onkruid soos tongblaar ( <i>Plantago lanceolata</i> ) en Turksnael ( <i>Erodium moschatum</i> ) jonk is en aktief groei.  Die kombinasie word nie vir Kiesieblaar ( <i>Malva parviflora</i> ), Gousblom ( <i>Arctotheca calendula</i> ), Hawersaadgras ( <i>Erharta</i> spp.), Slangekruid ( <i>Echium vulgare</i> ), Raaigras ( <i>Lolium</i> spp.), Sydissel ( <i>Sonchus oleraceus</i> ) en Predikantsluis ( <i>Bromus</i> spp.) aanbeveel nie.  Gebruik die hoër dosis vir Klawer ( <i>Medicago polymorpha</i> ), Koperdraad ( <i>Polygonum aviculare</i> ) en Steenboksuring ( <i>Rumex angiocarpus</i> ).
BEWERKBARE GROND	Eenjarige onkruide: 1,0 tot 3,0 ℥/ha  Meerjarige onkruide: Sien Tabel 1	Gebruik <b>MAMBA 360 SL</b> na oes van die vorige gewas, maar voor opkom van die nuwe gewas.  Dosis: Gebruik die hoër dosis vir eenjarige onkruid ouer as die 12-blaar stadium of gevestigde plante. Gebruik 2,0 tot 3,0 ℥/ha vir <i>Conyza</i> spp. (Skraalhans).
BOSBOU	Sien Tabel 1 vir indringer- en meerjarige onkruide	Vir die vestiging van vuurbane. (Algeheel of brandstroke).  Voor-plantstroke in onversteurde veld.  Na-oes voor-plant skoonmaak.  Wattelhervestiging.  Beheer van indringer- en probleemonkruide.

**TABEL 3: GEWASAANBEVELINGS (VERV)**

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
BLOEKOMSTOMP- UITWISSING	5 % oplossing	Enkelstamstompe (geen hergroei plaas gevind): Dien $\pm$ 50 ml oplossing vir volledige benetting toe veral op die kambiumarea (waar die bas en hout ontmoet).
	7 % oplossing	Meervoudige stamstompe (stompe wat reeds hergroei het): Dien $\pm$ 100 ml oplossing vir volledige benetting toe veral op die kambiumarea (waar die bas en hout ontmoet).
<b>TOEDIENINGSMETODE VIR 5 % EN 7 % OPLOSSINGS:</b>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>* Gebruik 'n laedrukgrugsakspuit met holkeëlspuitpunte vir volledige stompbenetting. Dien toe nadat die bome afgesaag en die saagsels op die oppervlak verwijder is. Dien op dieselfde dag toe as wat bome afgesaag is. Stompe wat uitloop na behandeling moet korter afgesaag of geringuleer word om die totale kambium bloot te lê vir verdere behandeling.</li> <li>* 'n Pluiserige soort hergroei mag voorkom wat normaalweg terugsterwe. Indien nie, verwijder met die hand of spuit met 'n 2 % oplossing met die nodige voorsorg om wegdrywing na nuutgevestigde saailinge te voorkom.</li> <li>• Ander spesies as <i>Eucalyptus grandis</i> mag wisselvallig reageer op <b>MAMBA 360 SL</b> en 'n herbespuiting mag nodig wees.</li> </ul>		

**TABEL 3: GEWASAANBEVELINGS (VERV)**

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
SUIKERIET Laaste ratoenuitwissing (Minimum bewerking)	8,0 tot 10,0 ℓ/ha	Laat hergroei toe tot 45 cm hoogte na laaste ratoen (stoelstadium voltooi). Dien 100 tot 400 ℓ/ha mengsel toe sodra halms verskyn.
Kombinasie bewerking - laaste ratoenuitwissing	4,0 tot 8,0 ℓ/ha. Gebruik die hoër dosis op vrugbare gronde waar hergroei 'n probleem is.	Spuit <b>MAMBA 360 SL</b> op 35 tot 100 cm hoogte van die laaste ratoen. Na 1 tot 10 dae, sny die stoel op 'n diepte van tussen 10 en 15 cm onder die grondoppervlak met 'n lem of soortgelyke implement.  Hierdie behandeling sal ook sekere gras- en breëblaaronkruide beheer.
Koluitwassing	10 % oplossing	Dien gerig toe op blare van besmette (bv. brand) of aftipe plante.
Voor-plant	Eenjarige onkruid: 1,0 tot 3,0 ℓ/ha  Meerjarige onkruid: Sien Tabel 1	Dien toe op eenjarige aktiefgroeiende onkruide.
SUIKERIET Kolbespuiting rondom landerye	2 % oplossing	Direkte bespuiting op aktiefgroeiende plante rondom landerye, telefoonpale, ens.
Suikerriet rytmaking	Grondbespuiting: 0,75 ℓ/ha  Lugbespuiting: 1,0 ℓ/ha	Dien toe op aktiefgroeiende riet met ten minste 8 groen blare en nie meer as 15 % van die halms in blom in die laatseisoen nie.

### TABEL 3: GEWASAANBEVELINGS (VERV)

#### SUIKERRIET (verv)

Riet ge-oes van April tot Julie: Dien toe 6 tot 8 weke voor oes.

Riet ge-oes van Oktober tot Januarie: Dien toe 4 tot 6 weke voor oes.

**Moet nie probeer om riet ryp te maak wat onder stremming verkeer nie.**

Moet nie lande bespuit wat vir saaddoeleindes gekap word nie.

**MAMBA 360 SL** sal suikerriet ryp maak wat beskou word as volgroei (tot op 90 % suiwerheid), maar die beste resultate word verkry as rietkwaliteit laag is (jong onvolwasse riet of vroeg en laat in die meulseisoen).

Hou aan met besproeiing so lank as moontlik na toediening, waar van toepassing, voordat afdroogperiode 'n aanvang neem.

Alle bestaande goedgekeurde kommersiële kultivars kan rypgemaak word.

Die grootste sukrose toename is gekonsentreer in die boonste nodes met maksimum by die basis van die vierde blaaarskede.

Chemiese aktiwiteit, partykeer sigbaar binne 3 tot 4 weke na toediening, is soms waarneembaar as 'n effense vergeling vroeg in die seisoen en knopswel asook syspruiting en laat-seisoenriet. Knopgroei stop en spildood mag ook voorkom.

Oorstaanriet mag meer halms ontwikkel en/of wat verpot voorkom met vergeling op die blare, wat sal uitgroeи.

**TABEL 4: GROEIREGULERING (CHEMIESE SNY)**

ONKRUID	DOSIS (mℓ/ha)	OPMERKINGS
MEERJARIGE POLGRASSE:		LET WEL: Alle "Opmerkings" gelys onder Tabel 4 is van toepassing op ALLE onkruide gelys onder Tabel 4.
Gewone paspalum ( <i>Paspalum dilatatum</i> )	400 - 800	Dien <b>MAMBA 360 SL</b> 5 tot 10 dae na afsny toe. Gebruik korter tussenposes in die lente en somer tydens meer aktiewe groei.
Dek tamboekiegras ( <i>Hyparrhenia hirta</i> )	400 - 1000	
Swenkgras ( <i>Fescues spp.</i> )	400 - 800	
Rotstert fynsaadgras ( <i>Sporobolus africanus</i> )	600 - 1000	Toediening behoort 2 tot 4 meganiese snye te vervang afhangende van dosis, spesie en klimaatstoestande.
Reddingsgras ( <i>Bromus unioloides</i> )	400 - 800	
Raaigras ( <i>Lolium spp.</i> )	400 - 800	Hoër dosisse sal groei langer onderdruk met 'n gepaardgaande hoër voorkoms van aanvanklike chlorose (vergeling).
Smutsvingergras ( <i>Digitaria eriantha</i> )	400 - 1000	
Langbeen paspalum ( <i>Paspalum urvillei</i> )	400 - 800	
MEERJARIG KRUIPGRASSE:		
Gewone kweek ( <i>Cynodon dactylon</i> )	400 - 1000	Meerjarige grasse is meer sensitief vir <b>MAMBA 360 SL</b> in die herfs. 'n Groter mate van chlorose kan dus verwag word. Gebruik 'n laer dosis om dit te voorkom.
Kikoejoe ( <i>Pennisetum clandestinum</i> )	200 - 600	

**TABEL 4: GROEIREGULERING (CHEMIESE SNY) (Vervolg)**

ONKRUID	DOSIS (ℓ/ha)	OPMERKINGS
TWEEJARIGE EN MEERJARIGE BREËBLAARONKRUIDE		
Turksnael ( <i>Erodium moschatum</i> )	600 - 800	Gebruik die laer dosis op grasse gedurende laat lente en somer in vrugteboorde en wingerde in die winterreënvalgebied, waar die tussenry nie besproei word nie (bv drupbesproeiing).
Kiesieblaar ( <i>Malva parviflora</i> )	600 - 800	Moet nie toedien op plante wat onder stremming verkeer nie, bv droogte, versuip, ens.
Tongblaar ( <i>Plantago lanceolata</i> )	600 - 800	
EENJARIGE ONKRUIDE EN SAAILINGE		Verwyder oortollige plantmateriaal na sny voor bespuiting.
Goed-ontwikkelde eenjarige onkruid, saailinge en jong plante mag beheer word.	200 - 1000	Dien 50 tot 200 ℓ/ha spuitvolume toe en verseker 'n egale druppelverspreiding op die teikenblare.
OPVOLGBESPUITINGS		<b>LET WEL:</b> Alle "Opmerkings" onder Tabel 4 is van toepassing op ALLE onkruid gelys onder Tabel 4.
Alle onkruid in die Tabel. Gebruik laagste dosis bo aangedui.	Tot 600	

**TABEL 5: WEIDINGSVESTIGING**

SITUASIE	OPMERKINGS
Konvensioneel Meerjarige rankgrasbesmetting	Meganiese en chemiese vestiging:
Ligte druk	Berei saadbed voor. Laat meerjarige rankgras en eenjarige onkruid ontkiem. Dien <b>MAMBA 360 SL</b> toe volgens aanbevole dosisse vir onkruidspektrum (sien Tabel 1). Saai nuwe weiding 3 tot 4 dae na toediening.
Hoë druk	Bewerk die onkruid en laat hergroei toe. Spuit dan die aanbevole dosis. Laat 7 dae toe voor 'n tweede bewerking, saadbedvoorbereiding en plant/saai.
Onkruidbeheer voor saai	Nuut-ontkiemende onkruid kan beheer word met 1,0 tot 3,0 ℓ/ha. <i>Cyperus</i> spp. benodig 6,0 ℓ/ha. Saai die nuwe weiding 3 tot 4 dae na toediening.

**TABEL 5: WEIDINGSVESTIGING (Vervolg)**

SITUASIE	OPMERKINGS
Direkte plant (Weiding vervanging en veldverbetering)	Verminder plantmateriaal deur af te sny of te bewei, 3 tot 4 weke voor toediening op hergroei. Plant die nuwe weiding 3 tot 4 dae na toediening.
Instandhouding van weiding	Beheer een- en meerjarige onkruide in weidings deur kolbespuitings met 'n 2 % oplossing of gebruik 'n bestryktipe toedienier waar onkruid bokant die weiding uitsteek (sien Tabel 6).
<b>NOTAS:</b>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>* Gebruik die aanbevole dosis om meerjarige (Tabel 1) en eenjarige (Tabel 2) onkruide te beheer tydens die opknapping van gevestigde weidings.</li> <li>* Gebruik konvensionele of direkte plantmetodes. Verseker dat geil onkruidgroeи nie verhoed dat teikenplante benat word nie.</li> <li>* Moet nie ou, swaar gevestigde Kikoejoe of Gewone kweek met verminderde groen blaaroppervlak bespuit nie. Brand die grasmassa aan die einde van die winter. Laat hergroei en bespuit dan in die laat somer vir herfsvestiging van die nuwe weiding.</li> </ul>	

**TABEL 6: BESTRYKTODEDIENING**

TIPE TOEDIENER	DOSIS (ℓ/ha)	OPMERKINGS
Rollertipe handtoedienier	Lewering van 100 tot 150 ℓ oplossing/ha  Eenjariges: 5 %  Meerjariges: 10 %	Word aanbeveel waar konvensionele bespuiting onprakties is, bv. laag opgeleide of bosstok wingerde.
Toutipe handmodel of trekkergemonteerde toedienier	Lewering van 3,0 ℓ/ha of 50 % oplossing	Word aanbeveel in boorde en waar die onkruid- en gewashoogtes verskil, bv. vir beheer van opslag- of laatonkiemende onkruid in boontjes en grondboontjes.
<b>NOTAS:</b>		
<ul style="list-style-type: none"> <li>* Gebruik 'n goedgekeurde bestryktipe toedienier. Die toedieners maak gebruik van absorberende materiaal om die <b>MAMBA 360 SL</b> oor te dra op die plante waarmee dit in aanraking kom.</li> <li>• Verseker dat die bestrykopervlakte skoon gehou word. Die bestrykopervlakte MOET NIE in aanraking met die gewas kom nie.</li> <li>•</li> </ul>		

**DIE VOLGENDE HANDELSMERKE EN REGISTRASIES WORD ERKEN KRAGTENS WET 36/1947**

COBRA 180 SL	Reg Nr L4816	Dow AgroSciences Southern Africa (Edms) Bpk
DIURON 800 SC	Reg Nr L3200	Dow AgroSciences Southern Africa (Edms) Bpk
DIURON 800 WP	Reg Nr L3227	Dow AgroSciences Southern Africa (Edms) Bpk
MCPA 400 SL	Reg Nr L3616	Dow AgroSciences Southern Africa (Edms) Bpk
SIMAZINE 500 SC	Reg Nr L3340	Dow AgroSciences Southern Africa (Edms) Bpk
SIMAZINE 800 WP	Reg Nr L903	Dow AgroSciences Southern Africa (Edms) Bpk

**24 UUR NOODGEVAL TEL. NO. (032) 533-0716**

**TEGNIESE NAVRAE/INLIGTING TEL. NO. (012) 842-0200**